'Boikot skou oor naam'

AfriForum deel 220 000 pamflette uit

Hilda Fourie

Só lyk die nuwe logo.

Boikot die skou.

Dit is wat die burgerregte-waghond AfriForum van Pretorianers wil hê nadat die skou se naam van die Pretoria Skou na die Tshwane Internasionale Skou verander het.

Die skou vind van 27 Augustus tot 5 September plaas. Vanjaar se tema is "Trots en genot van die stad".

AfriForum sal aanstaande week uit protes teen die verandering van die skou se naam 220 000 pamflette by huise in Pretoria aflewer waarmee hulle Pretorianers wil oortuig om die "Tshwane Internasionale Skou" te boikot.

Die pamflette is spesifiek daarop gemik om die publiek in te lig "dat die skou sy rug op Pretoria se naam gekeer het", het mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, gesê.

Die sanger Steve Hofmeyr het sy steun aan AfriForum gegee en gesê: "Tshwane is 'n stadsraad en nie 'n plek nie."

Mnr. Bert Badenhorst, voorsitter van die Tshwane Besigheids- en Landboukorporasie (Tshwabac), wat die skou reël, het gesê die naamsverandering was nie 'n politieke verandering nie, maar 'n "logiese verandering".

Volgens Badenhorst het die Pretoria-skouterrein se naam drie jaar gelede in die Tshwane Events Centre verander om klem te lê op Tshwabac se handelsmerk en op die feit dat die geriewe by die skougronde vir meer as net skoue en uitstallings gebruik kan word.

"Om die skou doeltreffend te bemark en dit vars en modern te hou is verlede jaar besluit dat die Pretoria Skou voortaan as die Tshwane Internasionale Skou bekend sal staan, en dat dit as die T-Skou bemark sal word," het Badenhorst gesê.

Boonop verwys die naam Tshwane na die groter metropolitaanse gebied en pas dit die skou se bemarkingsveldtog soos 'n handskoen, het hy gesê. Landbouvennote, borge en groot uitstallers het hul ondersteuning aan die verandering gegee.

"Die groep wat die meeste deur die boikot-aksie geraak gaan word, is ons uitstallers, wat reeds onder moeilike ekonomiese omstandighede handel dryf."

Volgens Kriel het AfriForum talle kere probeer om die skoubestuur te oortuig om nie die skou se naam na die "Tshwane-skou" te verander nie, maar daar het dadels van gekom.

Die verandering wat desondanks plaasgevind het, het AfriForum genoop om "stappe teen die skou te doen".

Kriel het gesê die voormalige Pretoria Skou se sukses is grootliks te danke aan Pretorianers wat dit oor die jare lojaal ondersteun het. Deur die naamsverandering byt die skou die hand wat hom voed.

Daarby speel die skou-bestuur met die naamsverandering in die hande van die Tshwane-metroraad se volgehoue pogings om die publiek te mislei om te glo dat die hoofstad se naam nie Pretoria is nie.

"Pretorianers se geld sal die praatwerk moet doen vir die behoud van Pretoria se naam," het Kriel gesê.